# DIE O.B.

Deel V, No. 2. WOENSDAG, 21 NOV. 1945

# Polisie aan Bande Gelê

Die mening dat die huidige misdaadgolf hoofsaaklik toegeskryf moet word aan die feit dat sekere wette opgehef is en die polisie se hande gebind is om op te tree, is verlede week deur maj. J. du Toit, bevelhebber van die Verre Oos-Rand se polisiemag, in 'n toespraak voor die kamer van koophandel van Springs uitgespreek.

Maj. Du Toit het gesê dat daar dwarsdeur die land 'n geweldige golf van misdaad is, en daarvoor moet daar 'n rede wees. Dit is nie soseer te wyte aan die tekort aan polisie nie, maar die polisie is van oordeel dat hulle in sekere opsigte gebind is, dat hulle sekere wette nie kon toepas nie en dat die opheffing van ander wette geweldige kwaad veroorsaak het.

Die uitlating van maj. Du Toit kom daarop neer dat die Minister van Justisie eiehandig sekere wette opgehef het as gevolg waarvan 'n vloedgolf van misdaad losgebreek het, en dat hy die polisie in bande gelê het om daarteen op te tree. Daardie minister is dr. Colin Steyn, wat tevore reeds blyke gegee het dat hy kommunistiese wetsoortreders selfs uit die hande van die howe wegruk, soos in die geval van Moses Kotane.

# Volksfront-Beleid Van O.B. Bly Onveranderd

**Die Ossewabrandwag sal voortgaan om hom in die huidige omstandighede vir 'n volksfront te beywer, volgens 'n verklaring wat deur die Kommandant-generaal uitgereik is op gesag van die Grootraad, wat van 7 tot 10 November in Johannesburg gesit het. Die verklaring lui:**

Weëns die wanvoorstellings wat daar gedurig verskyn oor die volksfront wat die O.B. besig is om uit te bou, het die Grootraad by sy jongste sitting besluit om sy standpunt weereens uiteen te sit. Dit is as volg:

● **Wat is die Volksfront, wat beoog word? Dit is die politieke en sosiale bondgenootskap van selfstandige Afrikanergroepe, elk met behoud en erkenning van sy eie identiteit, vir die bereiking van 'n gemeenskaplike volksdoel. So 'n front, wat afsonderlike partye en groepe saamskakel, is die teenstelling van 'n eksklusiewe partyfront.**

● **Die O.B. optrede by die volgende verkiesing sal as volg wees: Die Volksfront sal die O.B. se volle stem- en organisasiekrag as steun ontvang, sonder dat die O.B. vir homself 'n enkele setel opeis.**

**In soverre, egter, die ontwikkeling van so 'n gesamentlike front deur die voortgesette halsstarrigheid van partye en groepe verydel word, en in soverre die verkiesing op blote partygrondslag plaasvind, daar neem die O.B. as organisasie aan so'n partyverkiesing g'n deel nie, en gaan hy voort om homself vir die uitskakeling van die partytwis in ons Volk te beywer.**

● **Die O.B. stel hom verder op die standpunt dat die blanke Wes-Europese ras in Suid-Afrika gemeenskaplike belange en dus 'n gemeenskaplike taak ten opsigte van ons land en sy bevolking as geheel het, en gevolglik op daardie grondslag samewerking behoort te vind.**

# O.B. SE HOOFTAAK

By geleentheid van die jongste sitting van die Grootraad in Johannesburg is ernstige oorweging geskenk aan die probleme van die Afrikanervolk gesien in die lig van die nuwe omstandighede wat die afsluiting van die oorlog meegebring het.

**Die twee uitstaande gevare van die onmiddellike toekoms lê in die onderlinge verdeling van die volk, waardeur hy onmagtig bly om homself te handhaaf, en die bedreiging van die Kommunisme.**

Ten opsigte van eersgenoemde gevaar sal die O.B. voortgaan met sy pogings om alle Afrikaners saam te snoer. Die O.B. wil opnuut die noodsaaklikheid van dissiplinering van die volk beklemtoon as 'n vereiste vir eendragtelike optrede. **Hiertoe sal kommandobedrywighede, laertrekke en afrigtingskampe toeneem.** Dit sal vergemaklik word na mate die noodregulasies opgehef word en staats- en provinsiale amptenare weer toegelaat word om aan O.B.-bedrywighede deel te neem. Organisatoriese werk sal vergemaklik word met die opheffing van beheer oor brandstof.

### HOOFTAAK

**Die vernaamste taak van die O.B. is nog steeds om deur woord en voorbeeld die volk op die pad van sy natuurlike eenheid te voer. Die partypolitiek is die sekerste middel om die volk uitmekaar te hou. Daarom soek die O.B. na 'n breër front, 'n volksfront, waarbinne die volkstryd meer doeltreffend gevoer kan word.**

Om die tweede gevaar, nl. van die Kommunisme die hoof te bied, sal die O.B. met groeiende ywer sy pogings voortsit om 'n verenigde front te skep van al diegene wat met ondergang bedreig word, nl. die hele blanke ras.

# KOMMUNIS ROEP TOT GEWELD OP

# Moet Polisie Oorwin

**„Ons eis dat wanneer organisasies die massas oproep tot 'n straatgeveg dit daardie organisasies se plig moes wees om die massa te lei en voor te berei om die geweld van die polisie en fasciste met hul eie geweld teen te staan."**

**So lui 'n brosjure wat deur 'n kommunistiese organisasie, die Workers' International League, versprei word na aanleiding van die onlangse geweldpleging in Johannesburg by geleentheid van die H.N.P.-kongres.**

Die brosjure verklaar dat Suid-Afrika vir die agt miljoen nie-blankes 'n slawekamp is. Dit is geen demokrasie nie, maar die demokratiese dekmantel omsluit 'n fascistiese geraamte. **Genl. Smuts wat met sy lippe mooi woorde oor die demokrasie kwytraak, is die kampkommandant oor die nie-blankes, en sy daelikse werk is om die menslike regte wat hy verkondig, te vertrap.**

In dié trant gaan die geskrif voort om te beduie dat die blankes die fascisme verteenwoordig en die nie-blankes die demokrasie.

### POLISIE

„Die polisie is deeglik opgelei om met hul stokke wrede aanvalle op die protesterende nie-blankes te maak. Dit is hul daaglikse werk om na willekeur nie-blankes te slaan, in hegtenis te neem en te verneder. Dit is deel van hul werk om hulle onder te hou.

„Dinsdag het hulle hierdie wreedaardigheid teen die 160 beseerde blankes gebruik. Hierdie pynlike ondervinding behoort die werkers bewus te maak van die vanselfsprekende noodsaaklikheid van eenheid met hul enigste bondgenoot — die nie-blanke . . . .

### GEWELD

**„Die leiers van die Springbok Legion het daarin geslaag om hierdie groot demonstrasie byeen te roep, maar het nie daarin geslaag om hierdie geweldige woede aan te wend nie en het sy eie gang laat gaan. Indien die Springbok Legion die betogers georganiseer het, sou Malan nie so ver as die eerste trappie van die stadsaal gekom het nie. Die Springbok Legion se „strydtaal" het die massa tot 'n hoë punt aangevuur, en toe het die onverantwoordelike leiers van 'n verantwoordelike organisasie dit daar gelos en huis-toe gegaan. Hulle het totaal gefaal om hul strydtaal in dade om te sit. Dit is daarom dat die betogers nie daarin kon slaag om deur die polisie-kordon te breek nie.**

„Ons eis dat wanneer organisasies die massa oproep tot 'n straatgeveg, dit die plig van daardie organisasie moet wees om die massa te lei en voor te berei om die geweld van die polisie en fasciste met hul eie geweld teen te staan. Dit behoort 'n les te wees vir die gewone lede van die Springbok Legion om 'n duidelike koers van optrede te eis en te veg vir 'n werklik strydlustige leierskap.

### TE WETSGEHOORSAAM

**„Die soldate is vir die gek gehou deur die wetsgehoorsame leiers van die Springbok Legion. Ons arme gekke moet leer dat om die fascistehordes op hul plek te sit, ons moet organiseer om teen hulle te veg."**

Die brosjure doen dan 'n oproep tot die stigting van „antifascistiese afweergroepe" en voeg daaraan toe:

**„Soldate, eis van julle Springbok Legion 'n vegtersleiding in die stryd en georganiseerde afweergroepe. Werkers! Eis dat julle vakbonde afweergroepe organiseer."**

### AANVAL-GROEPE

Dat die skrywer eintlik „aanval-groepe" bedoel, blyk ten duidelikste uit sy klag dat dr. Malan nie belet is om die „eerste trappie" van die stadsaal te haal nie. Nogtans is hierdie aanhitser teen die polisie en die wet (sy veroordeling van „wetsgehoorsame leiers") tot vandag toe nog nie op sy plek gesit nie. **Sou die polisie ook hierin deur dr. Colin Steyn gebind gewees het?**

# De Gaulle Bedank Weens Kommunistiese Eise

Nadat genl. De Gaulle slegs ongeveer 'n week gelede tot hoof van die Franse regering gekies is, is hy deur die kommuniste gedwing om sy bedanking in te dien by die Nasionale Vergadering, volgens berigte van Sapa-Reuter uit Frankryk.


De Gaulle was belas met die samestelling van 'n kabinet, **maar hy het gestuit op die volharding van die kommuniste om in beheer gestel te word van een van die sleutelposte in die kabinet. Hulle het aangedring op minstens een van die drie portefeuljes oorlog, buitelandse sake of binnelandse sake. De Gaulle het dit geweier op grond dat hy nie sulke belangrike poste wat Frankryk se beleid met ander moondhede in gedrang kan bring, kan toevertrou aan mense wat nie in die eerste plaas nasionaal is nie.** Hy het gesê dat hy bereid was om 'n regering saam te stel wat die drie groot partye sou verteenwoordig — waarvan die kommunistiese party die grootste is — en om laasgenoemde 'n behoorlike aandeel in die ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede van die staat te gee. **Maar op 'n tydstip wanneer Frankryk 'n beleid van magsewewig tussen twee baie groot moondhede volg wie se betrekkinge op die oomblik 'n moeilike stadium deurgaan, kon hy die kommuniste nie in beheer gestel het van een van die drie hefbome wat die buitelandse beleid bepaal nie.**

(Vervolg in kolom 4)

(Vervolg van kolom 3)

As gevolg van sy weiering het die kommunistiese party op 'n byeenkoms van verteenwoordigers van die drie groot partye die sosialis Felix Gouin voorgestel as regeringshoof in die plek van De Gaulle.

Die Franse Nasionale Raad het Maandag genl. De Gaulle se bedanking behandel. Toe ons ter perse gegaan het, was die besluit nog nie bekend nie.




*'n Egte Suid-Afrikaanse Produk*

●

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS) BPK.
Posbus 3180 KAAPSTAD

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

SCHOEMANELLO DRANK

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE


| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, OUDTSHOORN

# O.B.-Blaasorkes van Kaapstad



By geleentheid van die verjaarlagviering van die K.G. en A.K.G. het die O.B.-blaasorkes van Kaapstad die optog voorgegaan met vrolike marsmusiek. In die foto word hulle gesien in hul netjiese drag.

## Vooroordele Aan Verdwyn Sê Kommunis

„Dinge is besig om ten gunste van die kommunisme te verander," skryf 'n kommunistiese verkiesingsagent in 'n naturelle-blaadjie in verband met sy werwingswerk tydens die munisipale verkiesings onlangs aan die Rand. Hy verklaar dat hy honderd mense besoek het, en met uitsondering van twee gevalle is hy oral baie vriendelik ontvang en op 'n koppie tee onthaal solank hy sy saak gestel het.

**„Ek het bevind dat die ou vooroordele teen die kommunisme besig is om te verdwyn. Die kiesers begin wakker word, en ons kommuniste help mee om hulle die waarheid te laat insien deur aan die verkiesings deel to neem," lui sy opsomming.**

# MISDADE HOOP STEEDS OP

# Meer Aanrandings

**Die misdaadgolf woed nog een stryk deur en nag vir nag word mense in hul huise deur naturelle platgeslaan. Van polisieweë word verklaar dat daar niks meer hieraan gedoen kan word solank hulle met 'n groot tekort aan mannekrag moet klaar kom nie. En dit is 'n saak vir die verantwoordelike minister wie se taak dit is om te sorg vir beter dienstoestande wat genoeg rekrute kan trek.**

**Intussen word die skrale mannekrag van die polisiemag deur die politieke hoof van Justisie gebruik om O.B.-vergaderings en -basaars by te woon ten einde op politieke teenstanders te spioeneer.**

In die afgelope week is o.a. die volgende ernstige misdade in die pers gemeld:

'n Speurdersersant van Johannesburg is met 'n yster in sy huis platgeslaan toe drie naturelle sy kamer binnegesluip en 'n broek met £22 en horlosie geroof het. Hy is in die hospitaal opgeneem vir behandeling van skedelbreuk.

**In Kaapstad is drie naturelle aangekla weens gruwelike aanranding op 'n bejaarde dame. Sy is op haar bed met 'n mes en 'n klip aangerand en bewusteloos geslaan. Haar gesig is ernstig vermink en sy is blykbaar as dood daar gelaat onderwyl die huis verder geplunder is.**

'n Blanke vrou van Johannesburg is deur 'n naturelle-inbreker lelik aan die arm oopgesny met 'n skeermes toe sy op hom afgekom het in haar kamer. Hy het na haar gesig gemik, maar sy het die slag met haar arm afgeweer. Daarna het hy haar probeer verwurg, maar sy het losgeruk en uitgevlug.

## Dreig om Self Op te Tree

**Die misdaadvloed aan die Rand het inwoners van die voorstede reeds tot so'n radeloosheid gedryf dat 'n voorstel op 'n vergadering dat 'n paar persone eiehandig deur die publiek tereggestel word, luid toegejuig is. Mnr. R. Knevitt het gesê dat tensy die regering gehoor gee aan die publiek se eis om beter beskerming teen misdadigers, die publiek self sal optree. Veel goeds sou miskien gedoen kan word deur een of twee persone in die openbaar te „lynch".**

## Boerejeug Lewe Op Frankfort

Die Boerejeug van Frankfort het by geleentheid van die K.G. se besoek op 6 Augustus 'n goed geslaagde funksie gereël saam met die O.B. Hulle het hul eie tafel gehou en die mooi bedrag van £21 ingesamel.

Die dogters en seuns het gesamentlik die vlaghysing en -strykingsplegtigheid uitgevoer onder bevel van veldktc. mej. D. Hattingh.

Op Woensdag, 10 Okt., het die Boerejeug 'n kransie gelê op die Burgergraf in die kerkhof. Hoofwagkomdt. Dirk Wolfaard van Heilbron het 'n treffende toespraak gehou. Na die sing van „Gedenk" het veldkt. N. Koen almal bedank en komdt. F. Dreyer afgesluit met gebed.

Op Saterdag, 13 Okt., is 'n aangename piekniek gehou op die plaas van mnr. J. van Rensburg. Die middag het mnr. Johnson die aanwesiges toegespreek. Jeugveldkt. Nel van Reitz en Jeugveldkt. P. Cronje van Villiers het ook die dag oorgekom.—(Ingestuur.)

## Twee Getroue Lede Heen

Bosmansrust se Veldkornetskap wil graag 'n kransie van waardering lê op die graf van tant Maria Bosman, 70 jaar, en ook op dié van tant Maria Fouché, 79 jaar. Ten spyte van hul hoë ouderdom was albei getroue ondersteuners van die O.B.—(Ingestuur.)

BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende Landbou-Kollege by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE-KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY — £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU — £5 kontant (of £7 op terme)
- DUIWEBOERDERY — £3 kontant (of £5 op terme)
- HOUTWERK TUIS — £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY — £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL
BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 STELLENBOSCH

# VOEDSELPOSISIE VERSLEG — UITVOER DUUR VOORT

**Die voedselposisie van die Unie het nog verder versleg, na die Minister van Landbou verlede week aangekondig het. Dit geld veral botter en suiker. Nogtans gaan die Unie voort met die uitvoer van suiker na Engeland. Oor die uitvoer van botter het die Minister geen gegewens verstrek nie, maar volgens 'n belofte wat hy kort gelede teenoor die „Dankie- Engeland"-beweging gedoen het, sou hy sorg vir die uitvoer van botter.**

Mnr. Strauss het gesê dat die verbruik in die Unie van botter en kaas geweldig toegeneem het — van 66,000 pond botter per week voor die oorlog tot 1,250,000 pond per week tans. Die produksie is op die oomblik nog steeds aan die daal, nadat dit tydens die oorlog aansienlik gestyg het bo die vooroorlogse peil.

Wat suiker betref het die Minister gesê dat die opbrengs vir die komende oes op 546,934 ton geskat word. **Tesame met 88,600 ton wat aan Engeland verskaf sal word, sal die verbruik op 606,000 ton te staan kom — dus 'n aansienlike tekort wat sal meebring dat die rantsoene, wat reeds beperk is, nog verder verminder sal word.**

Die Minister het ook gesê dat vis baie skaars is, dat die boontjie-oes swakker is sodat 100,000 sak ingevoer sal moet word, en dat daar geen vooruitsig op die invoer van rys uit Brasilië bestaan nie.

Aan eiers is daar ondanks 'n tekort aan voer, nog genoeg, maar daarvan gaan die regering 22,000 kaste na Engeland uitvoer.

Daar is op die oomblik 30,000 beeskarkasse op hande nadat 5,000 na Engeland verskeep is.

# Oud-soldate Moet Huur „Koop" van Wonings

**'n Skaamtelose uitbuiting van die teruggekeerde soldaat deur huiseienaars — natuurlik van die klas wat tydens die oorlog nie self gaan veg het nie, maar hope geld gemaak het aan die tuisfront — is op die oomblik in die groot stede aan die gang. Geld word op groot skaal van hierdie daklose oud-soldate met skurkagtige vindingrykheid afgepers.**

In die meeste gevalle word hierdie afpersing met sukses bekroon, daar soldate wat vyf of ses jaar sonder hul gesinne was, bereid is om soveel as £100 te betaal vir die voorreg om 'n woonstel of iets te hure te kry waar hulle weer met hul gesinne kan verkeer. Die Cape Argus deel mee van 'n oud-soldaat wat aan hom die volgende voorbeeld van afpersing vertel het:

„Ek en my vrou het net klaar reëlings getref waarvolgens ons 'n woonstel in Seepunt teen £11 11s. per maand sou huur. Ons was oorstelp van vreugde daar ons byna nie kon glo dat ons so'n geluk oorval het terwyl ons weet hoe dit met ander mense vaar nie.

### „NOG IETS"

**„Ons was op die punt om te vertrek toe die huiseienaar my eenkant-toe roep en sê dat daar nog een sakie is wat afgehandel moet word. ‚Die sleutel sal £50 kos', het hy gesê.**

„Ek kon nie vir een oomblik begryp wat hy daarmee bedoel nie. **Daarop verduidelik hy dat die woonstel gesluit sal bly totdat ek £50 betaal vir die sleutel wat dit sal oopsluit.**

„My eerste gedagte was om hom te slaan — my tweede om hom te gaan verkla, maar ek het nie gewaag om een van die twee te doen nie, daar die woonstel vir my 'n ekstra £50 werd was."


'n Ander metode om geld af te pers is dat 'n woonstel of huis verhuur word op voorwaarde dat die meubels daarin dan gekoop word teen 'n prys soveel as viermaal bokant die waarde daarvan. Ook hier verkies die teruggekeerde soldaat om maar te betaal solank hy maar net 'n dak bo sy kop kry.

### OORSAAK

**Allerhande middels word nou deur die regering oorweeg om hierdie uitbuiting stop te sit, o.a. deur self alle huise te verhuur namens die eienaars. Die grond van die moeilikheid is egter dat die regering nagelaat het om te sorg vir genoeg huise vir sy soldate aan wie hy wilde beloftes gemaak het.**

In sy slawediens om Rusland oppermagtig in Europa te maak, het hy al die land se sement en ander boumateriaal uitgevoer terwyl die bou van huise vir 'n lang tyd selfs deur noodregulasie verbied was.

**Vandag is dit die soldaat wat weer die offer moet bring vir partypolitieke dwaasheid en onmag.**




# Sinode Veroordeel Wraakneming Op Oorwonnenes

**Die Sinode van die N.G. Kerk in Kaapland, wat verlede Woensdag sy sitting beëindig het, het 'n sterk besluit geneem teen die teregstelling van sogenaamde oorlogsmisdadigers as lynreg in stryd met Gods Woord. Die barbaarse wyse waarop die oorlog gevoer is, is ook veroordeel.**

Die voorstel lui:

„Onder die diepe besef van die ontsettende verwoesting wat deur die jongste wêreldoorlog aangerig is, sowel wat die onberekenbare skade aan materiële en kulturele waardes as die weergalose vernietiging van kosbare menselewens betref—by name dié van honderdduisende weerlose vrouens en kinders—voel hierdie Sinode hom geroepe om in Naam van sy Meester, die groot Vredevors en Stigter van Sy Kerk op aarde, sy stem te verhef en met die diepste erns protes aan te teken teen:

„(a) Die barbaarse wyse waarop hierdie oorlog van weerskante gevoer is, veral deur die grootskaalse lugaanvalle op digbevolkte stede en die aanwending van sulke onmenslike vernietigingswapens soos o.a. die V-2 en die atoombom, omdat sulke metodes van oorlogvoering nie alleen strydig is met die elementêrste begrippe van menslikheid, om van Christelikheid nie te gewaag nie, maar veral omdat die verdere vervolmaking van sulke duiwelse wapens noodwendig moet uitloop op 'n algemene wêreldkatastrofe in die naaste toekoms;

**„(b) Die teregstelling van voormalige leiers van oorwonne volke as sogenaamde ‚oorlogsmidadigers' nie alleen omdat langs hierdie weg geen blywende wêreldvrede ooit geskep sal en kan word nie, maar veral omdat sodanige ‚regspleging' enige Christenvolk onwaardig is en bowendien in lynregte stryd met die uitsprake van Gods Woord, soos o.m. duidelik blyk uit Rom. 12 vers 19: ‚Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.'"**

Voorts het die Sinode sy innige deelneming betuig met geloofsgenote in Europa in die onherstelbare verlies van menselewens, en in besonder in die onbeskryflike lyding in die algemeen.

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

Paarl Monumtale-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlman – M. Bohlman
Gevestig 1898

VAN RIEBEECK TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
Security-Gebou — Kaapstad
Foon 3-0764
Met Takkantore te:
BELLVILLE — Voortrekkerweg, Posbus 48, Foon 9-7222.
STRAND — Michaustraat 11, Posbus 56, Foon 178.
WYNBERG — Kerkstraat, Posbus 88, Foon 7-1502.

Raadpleeg ons wanneer u eiendomme wil koop en verkoop. Ons kan die boeregemeenskap bedien, want ons is boere. Ons hou vendusies, reël verbande, geldbeleggings, ens.

G. P. J. DU TOIT,
Sekretaris-Bestuurder.

# VAL NOU TERUG OP NATURELLE
# Johannesburgse Polisie-Tekort

As gevolg van die tekort aan polisie en die gesukkel om rekrute gewerf te kry weens die swak salarisse, het die regering nou sy toevlug tot naturelle-rekrute geneem. Die bedoeling is om die aantal naturelle in die polisiemag aansienlik te vergroot sodat hulle die plek kan neem van blanke konstabels in die stede.

**Johannesburg gaan binnekort vierhonderd naturelle-konstabels kry om te dien in die plek van die honderde blankes wat uitgeskop is weens hul politieke oortuigings en die honderde ander wat bedank het weens die swak diensvoorwaardes.**

Na verklaar word, verwag die owerheid 'n groot toestroming van naturelle-rekrute vir die polisiemag dwarsdeur die Unie.

Nog meer lede van die polisiemag sit klaar om uit die diens te tree omdat hulle betrekkinge teen baie hoër salaris in private ondernemings kan kry. **Wat tot hierdie besluit deurslag gegee het, is die regering se beleid om teruggekeerde soldate wat geen of weinig ondervinding van polisiediens het, bo die hoofde van ou lede van die mag te bevorder. Laasgenoemde voel dat die enigste vooruitsig op 'n bietjie verbetering in hul geldelike posisie, deur hierdie beleid verdryf is.**


# BOER WAT DROOGTE NIE VREES

**Behoorlike versorging van sy plaas en planmatige boerderymetodes het sy vrugte gelewer aan 'n Oos-Kaaplandse boer wat te midde van geweldige droogte al sy beeste nog in goeie kondisie behou het. Die boer is mnr. E. D. Williams, en volgens die Cape Mercury is sy beeste nog vet en selfs die trekosse verkeer in goeie toestand ondanks ander boere se vee in die omgewing vrek van maerte.**

**Agtien jaar gelede het mnr. Williams 'n harde terugslag ontvang deur die droogte van 1927. Dit het hom 'n les geleer en hy het onmiddellik sy beeskudde verminder en sy plaas in verskeie kampe opgedeel waardeur hy strenge weidingbeheer kon uitvoer. Hy het 'n studie van die beste grassoorte gemaak en suurgras vervang met goeie gras. Die gevolg is dat voorheen waardelose stukke grond tans oordek staan met wuiwende rooigras wat uitstekend vir beeste is.**

**In die middel van die heersende droogte is sy beeste vandag in uitstekende toestand, en dit sonder dat hy hulle hoef te voer. Die versorgde veld is voldoende vir hulle.**

## Help 'n Wal Gooi



Hfwagkomdt. A. M. v. d. Walt.

**Een van die talle Afrikanerwerkers wat sy rol gespeel het in die staking van 1922. Hy help vandag 'n wal gooi teen die kommunisme deur binne die Ossewabrandwag te veg teen kapitalistiese uitbuiting.**


BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . .
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . .
Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID
JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike Pryse. — Maklike Terme.
Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:
JOHAN HEFER,
Hefer-Instituut,
Bus 3494, Kaapstad.



Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ..............................................

Adres ..............................................

Ouderdom

DIE O.B., WOENSDAG, 21 NOVEMBER 1945

# 'N VERLIGTING

Die konferensie oor die atoombom tussen pres. Truman, Attlee en Kanada se eerste minister het blykbaar op 'n oorwinning vir eersgenoemde se standpunt uitgeloop. Aanvanklik is aangekondig dat Attlee, gesteun deur MacKenzie King, aangedring het op 'n poeling van die atoomgeheim op voorwaarde dat Rusland gevra sal word om ook mededelings te doen. Uiteindelik is aangekondig dat die beginsel van openhartigheid aanvaar word, **maar dat die gespesialiseerde kennis nie bloot gelê sal word alvorens doeltreffende maatreëls teen die gebruik daarvan vir verwoesting ontwerp kan word nie.**

Die besluit kan as gerusstellend beskou word. Die naïewe pleidooie veral aan Britse kant dat die geheime aan Rusland uitgelewer moet word ten einde sy „agterdog" uit die weg te ruim, het op 'n ramp vir die wêreld afgestuur.

**Rusland koester geen agterdog teen die westerse moondhede nie, behalwe in sover hy besorgd mag voel oor hul weerstandsvermoë teen sy wêreldimperialisme. Die Russiese Bolsjewisme verkondig vir meer as 'n kwart eeu lank die omverwerping van die kapitalistiese state dwarsdeur die wêreld, en vir dié doel het hy met amptelike verband in elke land 'n kommunistiese vyfde kolonne opgebou wat die omverwerping van die staat verkondig.** Rusland se aanstootlike optrede in die wêreldpolitiek spruit dus uit 'n geloofsbeginsel en nie uit vrees vir agressie, soos naïewe Britte dit uitlê nie.

**SEDELIK ONGEBONDE**

In die tweede plaas kan weerhouding van die gebruik van die atoombom alleen die vrug wees van sedelike oorwegings aan die kant van 'n regering of van morele druk van die kant van die volk. **Rusland besit nòg die een nòg die ander.** Die Bolsjewistiese binnelandse politiek is 'n worsteling om persoonlike mag waarin dit gewoonte geword het om andersdenkendes te „likwideer". **Dit is brute magspolitiek waarin geen sedelike norme geld nie, en dit lê dus voor die hand dat 'n diktator wat geen respek vir die lewe van sy eie onderdane koester nie, nog minder sal terugdeins om menseslagting aan te rig waar dit ander state se onderdane geld.** Om 'n uitdelgingswapen dus in die hande van so 'n geweldenaar te plaas met die vrome hoop dat al sy aspirasies bevredig sal word deur die blote besit daarvan, sou nie net naïef nie, maar uiters misdadig teenoor die mensdom wees.

Ons verheug ons dus daarin dat pres. Truman se blykbare nugterheid op hierdie punt oorwin het. Dit beteken minstens dat Amerika 'n sin vir werklikheid begin ontwikkel, wat al 'n groot stap vooruit is in die stryd om behoud van die westerse beskawing.

# Oorlogsmisdadigers

Op 'n vergadering aan die Rand het die K.G. verwys na die huigelagtige geskreeu om die bestraffing of teregstelling van Suid-Afrikaanse „oorlogsmisdadigers" wat hulle klaarblyklik skuldig gemaak het aan dinge wat volgens die gewone wet nie misdade is nie en nou met terugwerkende krag tot misdade omgeskep moet word.

'n Voorbeeld wat wys watter wettelose wraaksug in hierdie kringe skuil, is die gebeurtenis op 1 Mei in Johannesburg kort na die weersinwekkende moorde op Mussolini en sy regering en die skending van hul lyke. Om en by twintigduisend kommunistiese naturelle en blankes het daar in publiek en onder gejuig 'n besluit geneem dat hulle die offisiere van die Ossewabrandwag, en by name die K.G., net soos Mussolini en sy manne, aan die lamppale van Johannesburg wil laat hang „totdat die lyke in biltong verander".

**Hierdie aanhitsing tot moord en die publieke verkondiging daarvan voor duisende opgeruide naturelle het van regeringsweë geen reaksie uitgelok nie. By die Ossewabrandwag het dit vanselfsprekend reaksie uitgelok, naamlik die ontstaan en ondersteuning van verdedigende afweergroepe om aan die uitgesproke moord- en lykeskendingsbedoelings van 'n kommunistiese gespuis die hoof te kan bied.**

**GELUKWENSINGE**

As daar 'n kommunistiese feesviering êrens plaasvind, stuur een minister na die ander boodskappe van gelukwensing. As die Ossewabrandwag feesvier, dan stuur die regering nie gelukwense nie, maar „spesiale" speurders.

**In die lig van hierdie feite kan niemand ons kwalik neem nie as ons glo dat die lys van „oorlogsmisdadigers" deur 'n kommunistiese bril opgestel gaan word, in plaas van deur die gereg.** Maar as politieke oorwegings moet bepaal wie 'n misdadiger is, bestaan die gevaar dat elke groep sy eie lys sal opstel. Wat die Ossewabrandwag betref, hy sien misdadigers in die mense wat baar naturelle uit Mosambiek en elders wat geen benul van politieke en ander oorwegings het nie, oprui om alles wat blank is te haat en te wil uitroei; mense, wat die naturelle voorsê dat alles wat Afrikaans is, „gelikwideer" moet word — dit wil sê keelaf gesny moet word. **Hierdie mense wat half-barbaarse mynkaffers toespreek en oprui om blankes, met vermelding van die toekomstige slagoffers se name en aanduiding van hul identiteite, aan die lamppale op te hang en hulle lyke publiek te skend is die eintlike misdadigers.**

Dit is hoog tyd dat die regering hierdie soort dinge nou stopsit, en dan kan hy begin by dr. Colin Steyn wat in een koor met hierdie mense sing.

# OGIES IN DIE NUUS

## KRAGTIGE WAPEN TEEN DUITSERS

Daar is onlangs berig dat partypolitiek in Hamburg, Duitsland, herleef het toe die vier anti-Nazi-partye hul eerste openbare betoging gehou het.

Die partypolitiek word deur die Geallieerdes as 'n kragtige wapen beskou in hul stryd om Duitsland onder die knie te hou. Vandaar die gretigheid van die kant van die oorwinnaars om die stigting van politieke partye in Duitsland aan te moedig ondanks hul uitgesproke ideaal dat die Duitsers niks meer as aartappelplanters moet wees nie.

## Offisierslaer Op 7 Febr.

**Die laertrekking van offisiere, wat eers in Desember gehou sou word, is nou bepaal vir 7 en 8 Februarie te Bloemfontein.**

**Alle offisiere — ook van die Boerejeug en Wag — met en bo die rang van kommandant woon die laertrekking by, hoewel offisiere met laer rang nie uitgesluit is nie, mits hulle self hul onkoste betaal.**

**Tuisgaanplek moet self bespreek of deur middel van die Vrystaatse Gebiedskantoor gereël word.**

## IMMIGRASIE VAN KINDERS NA UNIE

**Die Unie-regering oorweeg 'n skema vir kinderimmigrasie na die Unie, lui 'n amptelike verklaring van die Departement van Buitelandse Sake.**

Die doel van die skema is om immigrasie aan te moedig vernaamlik met die oog daarop dat kinders van die Geallieerde lande wat gedurende die oorlog hul ouers verloor het, aangeneem kan word. Dit sal help om noodleniging te bring in groot gebiede van Europa wat van die vyand bevry is en dit sal ook in ooreenstemming wees met die noodsaaklikheid daarvan om die bevolking van die Unie op te bou en sy produktiewe bronne aan te vul. By die uitwerk van 'n skema van hierdie aard, moet rekening gehou word met baie faktore. Die kinderimmigrante sal sorgvuldig uitgesoek en reëlings vir hul onderhoud en opvoeding sal getref moet word. Daar sal nadruk gelê word op hul ontwikkeling tot goeie burgers van die Unie.

# Hervormings In Tronke

**Besonderhede in verband met 'n meer liberale toepassing van die strafkode in tronke met die doel om „die goeie hoedanighede van misdadigers te bevorder as 'n grondslag vir hul terugkeer tot die burgerlike lewe" is in 'n onderhoud deur mnr. H. G. Hoal, Sekretaris van Justisie en Direkteur van Tronke, aangestip.**

Een verandering wat tans uitgetoets word in die Sentrale Gevangenis in Pretoria, is om die verbod op tabak, waardeur baie oortredings in die tronke gepleeg is, geleidelik op te hef.

„'n Merkwaardige verbetering kan reeds in die tronkdissipline bespeur word vandat die voorregte gedurende die afgelope paar weke aan die prisoniers toegestaan is.

„Dit is ook merkwaardig dat al die prisoniers baie minder oortredings pleeg vandat almal behalwe diegene wat dwangarbeid moet verrig, toegelaat word om te rook. Die prisoniers self gedra hulle besonder goed ten einde te voorkom dat hierdie voorregte hulle ontneem word," het mnr. Hoal verklaar.

**KAALKOP**

Die eerste verandering wat aangebring is, het gegeld ten opsigte van die praktyk om die koppe van die prisoniers kaal te skeer.

**Daar is nou besluit om al die prisoniers toe te laat om twee maande voordat hulle losgelaat word hulle hare te laat groei.**

'n Tweede verbetering in die strafkode is om die lengte van die vonnisse te verminder vir goeie gedrag. Dit sal vir alle persone 'n vryskelding van een kwart wees.

In Suid-Afrika word 'n persoon wat vir die tweede keer tronktoe gestuur word altyd beskou as 'n „terugvaller" ofskoon 'n lang tydperk tussen die misdade verstryk het. Maar in die toekoms sal enige persoon wat uit die tronk gelaat word en nie binne tien jaar weer oortree nie, beskou word as 'n eerste oortreder.

**VIER GROEPE**

**Prisoniers ressorteer tans onder vier groepe, naamlik diegene wat dwangarbeid moet verrig, dié wat leerlinge is, dié wat hulle goed gedra en diegene wat model-prisoniers is. Vandag kan die prisoniers deur goeie gedrag van die een klas na die ander bevorder word, en sodoende meer voorregte tydens hul diensetyd verkry.**

Alle „terugvallers" word in die dwangarbeidsgroep geplaas en persone wat 'n eerste mistrap begaan het, in die leerlinggroep en hulle kan bevorder word tot die modelgroep en in die voorregte deel wat aan hulle toegestaan word, of kan gestraf word en gedegradeer word tot die laaste groep.

Persone wat onder die strafbare groep ressorteer, geniet geen voorregte nie. Die leerlinggroep kan een besoek en twee briewe elke twee maande ontvang, en die modelgroep word toegelaat om drie besoeke deur twee persone saam elke maand te ontvang, om drie briewe te skryf en te ontvang of om 'n ekstra brief in die plek van 'n besoeker te ontvang, en word toegelaat om 'n ekstra rantsoen van twee onse tabak te koop.

Kragtens die nuwe reëlings kan gewoontemisdadigers binne 12 maande tot die modelgroep bevorder word, d.w.s. hulle sal ses maande in die strafbare klas bly en drie maande elk in die leerlinggroep en die goeie gedraggroep — mits hulle die vereiste standaard van gedrag handhaaf.

# Word Staanplek Van Kruger-Beeld Bedreig?

PRETORIA. — 'n Paar jaar gelede het die begeerte sterk by die Afrikanergemeenskap van Pretoria ontstaan om die beeld van Oom Paul na sy regmatige plek op Kerkplein verskuif te kry. Onderhandelings in hierdie verband was met die toenmalige stadsraad aangeknoop. Die Krugerkomitee, wat aangestel was om die belange van die nagedagtenis van Pres. Kruger te behartig, het egter nie daarin geslaag om reg aan die beeld te laat geskied nie.

Kort na die uitbreek van die oorlog het daar wel iets op Kerkplein verrys. Dit was twee ontsierende, van hout geboude werwingskantore van die leër. **Hierdie ontsierende gedoentes, tot onlangs aan alkante met verflenterde plakkate beplak, staan vandag nog daar.** Die Afrikaanse publiek wil weet wat dan intussen van die Krugerkomitee geword het.

MOTORSKUILING

Maar die houtgeboue is nog nie die ergste nie, want hulle kan maklik verwyder word. **Daar is egter so pas, na ons verneem van stadsraadsweë 'n komitee aangestel om die wenslikheid al dan nie te ondersoek om van Kerkplein 'n geweldige groot motorskuiling te maak!** Die plan sou glo wees om onder die plein 'n groot ondergrondse motorparkeerplek aan te bring. Die pleinoppervlakte, wat die dak van hierdie parkeerplek sal vorm, sal dan glo met gras beplant word. **Hierdie voorneme van die stadsraad het reeds al aan 'n sekere seksie die opmerking ontlok dat hierdie verandering aan die plein die geskil oor die verskuiwing van die Krugerstandbeeld sal oplos!**

Daar word gevra waar die Krugerkomitee is, en ook wat die Afrikaner-stadsraadslede dan doen.

Gevoel word dat dit 'n volksaak is wat hier geld en daarom kan daar nie met halwe werk volstaan word nie.

# „TYD RYP VIR OPTREDE TEEN RUSLAND”

## NOU OP SY SWAKSTE SÊ BRIT

**Die mening dat dit nou die tyd is om Rusland op sy plek te sit indien 'n ramp vir die wêreld afgeweer moet word, word uitgespreek deur die blad „Review of World Affairs” wat deur Kenneth de Courcy in Londen gepubliseer word.**

Die skrywer wys daarop dat die Geallieerde regerings vir 'n lang tyd alle ongunstige nuus omtrent Rusland onderdruk het. Vandag word die sluise bietjie oopgetrek en die uitwerking daarvan is dat die Geallieerde volke met pessimisme vervul word oor die toekoms. **Onderwyl hulle net altyd berigte omtrent Russiese prestasies en deugde ontvang het, het Rusland gesorg dat sy mense niks goeds van westerse moondhede verneem nie. Die agterdog teen die weste is stelselmatig aangevuur, en die Russiese soldaat het nie eens geweet dat hy soms in 'n Amerikaanse tenk veg nie!**

### „ONS” JEEP

So verklaar 'n Amerikaanse skakeloffisier wat eerste in Weenen aangekom het, dat die Amerikaanse soldate woedend is omdat die Russe niks van bruikleen-hulp weet nie. **„'n Russiese kolonel het aan 'n Amerikaanse vriend van my gesê: „Julle is gelukkig om die geheim van ONS Jeep te weet!” Geen Russiese offisier kon dit waag om aan een van sy manne te sê dat hulle in Amerikaanse tenks ry of met Amerikaanse wapens veg nie. Alle merke wat die Amerikaanse oorsprong verraai, is sorgvuldig verwyder.”**

### TEENSTRYDIGHEDE

Die skrywer meen om 'n groot teenstrydigheid in die Russiese posisie op te merk, wat hom tegelyk geweldig sterk, maar ook baie swak maak. Aan die een kant beskik hy oor 'n enorme mag van jong soldate, **maar aan die ander kant het hulle hande uitgeruk en voer nie meer bevele uit nie.** As voorbeeld van hul ongedissiplineerdheid haal hy aan uit 'n Amerikaanse ooggetuie se rapport oor Weenen:

„Daar was verbysterende plundering aan die gang op bevel van onder-offisiere wat huis na huis kaal gestroop en alle kuns wat hulle niks van begryp het nie, vernietig het. **„Georganiseerde militêre eenhede het eenvoudig ontbind en alle dissipline het verval . . . . Diegene van ons wat kennis gemaak het met die Russe, is geweldig ontnugter.”**

### ONGEWILD

'n Tweede teenstrydigheid word gevind in Rusland se geweldige oorwinnings, maar wat hul betekenis verloor weens die swak dissipline van sy soldate in die verowerde gebiede en die pro-Russiese optrede van die kommunistiese partye in die verskillende lande. **Dit het 'n stygende afkeer teen Rusland dwars oor die wêreld ten gevolge.**

Verder is daar 'n ontevredenheid merkbaar by die Russiese massas teen die geheime polisie en die hardhandige optrede van Stalin, wat al weer met nuwe vyfjaar-planne kom voordat die volk uitgerus het van die oorlogspanning. En ten slotte is daar 'n herlewing van die godsdiens wat bots met die „100 persent anti-godsdienstigheid van die kommunisme.”

### NOU DIE TYD

**Die gevolgtrekking van politieke waarnemers is dat Rusland 'n tydperk van groot swakheid deurgaan, en dat sterk teenstand hom op die oomblik kan laat intuimel.**

**Hierdie swakheid sal spoedig oorkom wees, en daarna sal hy weer krag wen.**

Nogtans sal die fundamentele teenstrydighede binne hom uiteindelik tog noodlottig vir Rusland wees, hoewel dit vir 'n lang tyd miskien nie sal verhoed dat hy 'n sterk buitelandse beleid deurvoer nie.

## MIN. HOFMEYR TEEN LOTERY

Min. J. H. Hofmeyr het hom verlede week teen staatslotery uitgespreek toe 'n tak van die Verenigde Party op die kongres in Pietermaritzburg voorgestel het dat lotery aangewend moet word om geld in te samel vir teringbestryding.

**Min. Hofmeyr het gesê dat dit immoreel is dat die regering sy masjinerie moet gebruik om dobbelary in te voer. Van uit 'n geldelike oogpunt beskou, is lotery ook glad nie 'n doeltreffende manier om geld in te samel nie, en van uit 'n sedelike oogpunt is dit nie toelaatbaar nie.**

## Kunsbloed vir Duitsers

Gedurende die afgelope oorlog het die Duitsers, weens die tekort aan bloedplasma, gebruik gemaak van kunsbloed bekend as „periston”, berig SAPA uit Washington. Hierdie plaasvervanger moes dien om die bloeddruk en -volume te herstel totdat die menslike liggaam weer sy eie bloed kon vervaardig.

„Periston” is 'n organiese stof verwant aan gelatien en gom-acacia, wat voorheen aangewend is met nadelige uitwerkings.

**'n Groep Amerikaanse wetenskaplikes verklaar dat hierdie middel vir 200,000 Duitse soldate gebruik is met „feitlik geen na-uitwerking nie.”**


**KONSERT**
vir 8 Augustus-fonds
**IN DIE KERKSAAL**
**Kerkstraat, Brooklyn**
**op Saterdag, 24 November, 1945**
om 7.45 n.m.
Weens herstelwerk aan saal moes datum uitgestel word.
Kom Boere! Brooklyn se Boerejeug gaan julle verras met hul Konsert!
O.B.-Blansorkes sal Konsert nog verder opluister!


# Stalin Kon Dit Nie Klein Kry

**„Toe Attlee ná die verkiesing in Engeland teruggekeer het na die onderhandelings in Potsdam in die plek van Churchill as nuwe eerste minister van Brittanje, kon Stalin sy oë nie glo nie,” verklaar Kenneth de Courcy in sy Review of World Affairs.**

**„Hy kon nie glo dat Churchill sou val nie, en hy het dit as baie snaaks — uiters snaaks — beskou dat 'n magtige leier kon toelaat dat hy verslaan word, veral daar die stembus drie weke lank voor hulle geopen is, tot beskikking van die regering was. Hy kon dit eenvoudig nie begryp nie.”**

# ATOOMKRAG BLY GEHEIM

## Vrees Vir Agressie

**'n Besluit om voorlopig nie die geheim van die atoombom aan ander volke bekend te maak nie, is geneem deur pres. Truman, Attlee en die Kanadese eerste minister, MacKenzie King, op 'n konferensie verlede week in Washington.**


'n Gesamentlike verklaring is deur die drie leiers uitgereik waarin die noodsaaklikheid beklemtoon word om die geheim van atoomkrag met die oog op nywerheidsgebruik aan alle volke bekend te maak. **Maar omdat daar nog geen middel bestaan om te belet dat hierdie krag ook vir oorlog aangewend kan word nie, word dit nie raadsaam geag om die gespesialiseerde inligting oor die praktiese aanwending van atoomenergie te versprei voordat afdwingbare beveiligingsmaatreëls en wederkerigheid, wat alle volke kan aanvaar, opgestel is nie.**

Sodra afdwingbare beveiligingsmaatreëls teen die gebruik van atoomenergie vir verwoesting ontwerp is, sal die inligting aan ander volke meegedeel word op grondslag van wederkerigheid.

Met die oog hierop beveel die drie leiers aan dat die Verenigde Volke 'n kommissie aanstel wat moet ondersoek instel na die moontlikhede van doeltreffende middels teen die gebruik van atoomenergie vir verwoesting en die aanwending daarvan vir nywerheidsgebruik deur al die volke.


*Vir Deftige Tabberds*
*Twee-stuk Rokke*
*en Somerhoede*
**Kom seker eers na**
Steyns
**DIE DAMES-WINKEL**
**PAROW**


## Politieke Slagoffers Van 'n Partybewind



J. C. SMIT (Waterberg).

**Was onderwyser van beroep. Op 9 Augustus 1942 te Koffiefontein geïnterneer nadat hy vir twee maande sonder aanklag in Pretoria aangehou is. Tans weer op vrye voet.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie.”**

# „Christelike Beginsel Al Redding”

## Engeland se Posisie Verander Sê Attlee

**„Die grootste taak van vandag is om by alle mense tuis te bring dat ons beskawing alleen kan voortbestaan as ons in ons internasionale betrekkinge en nasionale lewe die Christelike beginsel aanvaar dat ons almal deelgenote is, die een van die ander,”** het Clement Attlee, Britse eerste minister, verlede week voor 'n gesamentlike sitting van die Amerikaanse Kongres verklaar.

Die grondslae van die vrede moet wêreldwye welvaart en goeie buurskap wees. Hy glo dat die rykdom van die wêreld eweredig verdeel moet word. Indien daarom getwis word, sal almal arm bly.

Brittanje het eeue lank daarin geslaag om oorlogsverwoesting vry te spring. **Daardie dae is egter verby. Verdedigde grense, berge en oseane is nie langer in staat om aanvalle af te weer nie. Binne 'n paar jaar sal die nuwe vernietigende wapens na enige plek op aarde gestuur kan word.**

Dit is 'n fout om gedurig aan oorlog en die voorkoming van oorlog te dink. Daar moet liewer aan die beste middele om die vrede te versterk, gedink word. Die grondslag van die vrede lê in die harte van die mense. Hoe beter die mense van die wêreld mekaar ken, des te geringer is die moontlikheid dat 'n emosionele toestand kan ontwikkel wat oorlog onvermydelik maak.

## Bietjie Meer Petrol Vir Desember

Die Minister van Ekonomiese ontwikkeling het verlede week aangekondig dat die petrolrantsoen vir Desember verdubbel sal word en dat die 75 myl-beperking vir die maand opgehef sal word. Dit geld net die basiese rantsoene wat nou op 400 myl gestel word.

**Hierdie toegewing is egter net vir een maand, want, na verklaar word, is die petrolposisie nog maar „kritiek”.**

**Na die aankondigings uit Rhodesië en Engeland 'n paar weke gelede dat die dominiums deur Engeland versoek is om nie met dollars petrol te koop nie, staan die publiek nog maar baie skepties teenoor die regering se petrolbeleid. Die vraag word gestel of hierdie besparings nie nog maar aan die gang is ten koste van die Suid-Afrikaanse publiek nie.**


KERSKAARTJIES
met
O.B.-WAPEN
12 Kaartjies met verskillende woorde en ontwerpe
4/3 per dosyn
Posvry — met Koeverte
Sonder Wapen
4/- per dosyn — Posvry
*Pro Ecclesia-Boekhandel*
POSBUS 29, STELLENBOSCH



**MARKAGENTSKAP**
**VROEË HÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**
**Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang**
**Beste heersende pryse**
**MINNAAR EN VAN SCHOOR**
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**
**Telefoon 2-0212**

# HET ONS LEWENSKOSTE 32pst. GESTYG? Hoe Bereken Word

(Deur ons Ekonomiese Medewerker)

I

Volgens die amptelike Maandbulletin van die Unie sou die lewenskoste in Suid-Afrika met 32 persent (of eintlik 31.8 persent) gestyg het in vergelyking met 1938. Van verskillende kante is die kritiek al geuiter dat dit nie die werklike toestand weerspieël nie; dat die styging in pryse van goedere wat deur die bevolking gebruik word, gemiddeld baie meer as net 32 persent is. Die vraag ontstaan nou, is hierdie kritici reg of is die amptelike syfers korrek? By gebrek aan die volledige gegewens wat nodig is om 'n lewenskosteindeks op te stel en waaroor die departement van Sensus en Statistiek skynbaar alleen beskik, kan op hierdie vraag geen afdoende antwoord verstrek word nie. **Ons kan alleen aandui aan watter gebreke die lewenskosteindeks moontlik mank gaan, en in watter opsigte die amptelike syfers 'n onderverteenwoordiging van die werklike styging in pryse kan wees.**

### WAT DIT IS

Om dit te kan doen, sal dit nodig wees om eers die betekenis van 'n lewenskosteindeks, en die wyse waarop dit opgestel word, na te gaan.

Lewenskoste sien op die koste van goedere en dienste wat gebruik word, gewoonlik deur die deursnee burger of gesin in die land wanneer ons indekse opstel. By voorbeeld as die prys van tee gestyg het van 2/- in 1938 tot 3/- in 1945 per pond, sê ons die prysindeks van tee was 100 (of 1,000) in 1938 teenoor 150 (3/2 x 100) of 1,500) in 1945. Die vraag: „hoeveel het die lewenskoste verander", word beantwoord deur te bepaal watter veranderinge in die gesin se lewenskoste plaasgevind het as hulle dieselfde goedere en dienste in die twee periodes, wat vergelyk word, gekoop het. **As die indeks in Augustus 1945 op 131.8 staan teenoor 100 in 1938, dan beteken dit dat die hoeveelheid goedere en dienste wat in 1938 £100 gekos het in Augustus 1945 ongeveer £131-16-0 kos.**

### DIE METODE

As ons nou 'n lewenskosteindeks wil opstel, moet ons al die pryse, en die veranderinge daarin, van die goedere en dienste wat die deursnee gesin gebruik, insamel. Een of ander maand of jaar neem ons as uitgangspunt, of basis, en druk al die ander maande of jare se pryse uit as 'n verhouding van aardie basisperiode se prys. Ons tel dan al die verhoudingsyfers van elke periode bymekaar en kry die gemiddelde daarvan. Die syfer sal vir ons die verandering in die lewenskoste as eerste benadering aandui. Gestel die pryse van brood, suiker en botter het as volg gestyg:

| | Prys in 1938 | Indeks | Prys in 1945 | Indeks |
|---|---|---|---|---|
| Brood | 5d. | 100 | 6½d. | 130 |
| Suiker | 3d. | 100 | 4d. | 133⅓ |
| Botter | 1/8 | 100 | 2/- | 120 |
| Totaal | | 300 | | 383⅓ |
| Gemiddelde | | 100 | | 127.8 |

Dit beteken dus dat die pryse van hierdie drie artikels gemiddeld 27.8 persent gestyg het.

### VERSKIL

**Maar hierdie wyse van berekening verloor uit die oog dat hierdie goedere nie van ewe veel belang is in die daaglikse behoeftes van gesinne nie.** Ons ken dus aan elkeen 'n sekere „gewig" toe na aanleiding van elkeen se onderskeie belangrikheid in die gesin se besitting. Gestel brood is viermaal so belangrik as botter, en suiker weer driemaal so belangrik as botter. Dan sal hulle „gewigte" respektiewelik 4, 3 en 1 wees. Hierdie gewigte moet nou met die indekse vermenigvuldig word en ons kry:

| | Gewig 1938 | Geweë of Beswaarde Indekse 1938 | 1945 |
|---|---|---|---|
| Brood | 4 | 400 | 520 |
| Suiker | 3 | 300 | 400 |
| Botter | 1 | 100 | 120 |
| Totaal | | 800 | 1040 |
| Indeks | | 100 | 130 |

$$\left(\frac{1040}{800} \times \frac{100}{1}\right)$$

Die hoeveelheid botter, suiker en brood wat die gesin in 1938 gekoop het, het dus 30 persent duurder gekos in 1945 as in 1938, en nie net 27.8 persent duurder nie. Hieruit blyk dus duidelik watter invloed gewigte op die hoogte van die indeks kan hê. 'n Klein styging in die prys van lewensmiddele met 'n hoë gewig sal dus 'n sterk invloed op die totale indeks uitoefen.

### VIER GROEPE

Van hierdie selfde beginsels word deur die afdeling Sensus en Statistiek gebruik gemaak om die lewenskosteindeks op te stel. (In amptelike verslae heet dit kleinhandel prysindeks). Die goedere en dienste wat gekoop word, word in vier groepe ingedeel: Voedsel, brandstof en lig, huishuur, diverse. Laasgenoemde bestaan uit skoeisel, klerasie, vermaaklikheid, lewensversekering, direkte betalings ens. Ook die voedselgroep is onderverdeel in baie soorte voedsel. Die „gewigte" of belangrikheid van elke groep is bepaal deur middel van 'n ondersoek insake gesinsbegrotings wat in 1936 gemaak is. Daar is gevind dat gesinne wat tussen £225 en £450 verdien hulle uitgawes gemiddeld as volg verdeel:

34.7% aan voedsel.
5.0% aan brandstof en lig.
25.5% aan huishuur.
34.8% aan diverse.

100% Totaal.

Hierdie persentasies word as die gewigte vir die vier groepe gebruik. Ook is daar vasgestel watter persentasies van die uitgawes onder elke groep gespandeer word aan die verskillende goedere en dienste wat binne die groep val. So by voorbeeld moes daar bepaal word watter deel van die voedsel uitgawes aan brood, suiker, botter, melk, groente, konfyt ens. onderskeidelik spandeer word. Hierdie verbruiksverhoudings dien dan ook as „gewigte" van elke voedselsoort. Dieselfde geld vir brandstof en lig en diverse.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# UIT DIE JEUG SE SKEUR-KALENDER

Wessel Martinus Oosthuizen, (geb. 10 Nov. 1935) skryf:

Dit was op **10 Nov.** 1899 dat kommandant Van der Merwe aan die hoof van 350 Vrystaters en 2 kanonne in die buurt van Belmont 'n swaar voorpos-geveg gehad het teen 800 Engelse met 5 stukke geskut. Die geveg het vier uur geduur, waarna die vyand, wat tevergeefs probeer het om die Boere-posisies in te neem, met ernstige verliese moes terugtrek. Die Vrystaters het net twee liggewondes gehad.

### DOODGESKIET

Catharina van Dyk (Koster) skryf:

Graag deel ek iets mee wat op my verjaardag gebeur het op 12 November (1928).

Mnr. P. W. van Heerden, 'n boer van beroep van Tarkastad, is op **12 November** 1901 ter dood veroordeel en doodgeskiet. Hy is ook beskuldig dat hy by die vyand aangesluit het en die wapens teen sy wettige regering opgeneem het, en dus gepoog het om moord te pleeg. Hy is op 'n stoel vasgebind en sy oë toegebind. Die skote het geknal en die burger was dadelik dood. Spottend het 'n ellendige Hottentot gesê: "Maar hoor die boer het bloed!" Skandelik soos met die Afrikaners gehandel is. Hy is een van ons Helde, wat gesterf het vir Vryheid en Reg.

Ons groot Voortrekkerheld Piet Retief is ook op my verjaardag (12 November 1780) gebore.

### PIET RETIEF

Johan Coetzee van Mispa, Lindley, skryf:

Ek is bevoorreg om op 12 **November** te verjaar, op dieselfde datum as ons Held Piet Retief (1780) wat sy lewe opgeoffer het vir ons Afrikanervolk en deur die barbare vermoor is.

Mag die Here se seën ook op my rus sodat ek vir my volk in die toekoms 'n seën kan wees.

# NUUSFLITSE VIR DIE BOEREJEUG

### UTRECHT (JD2c6)

'n Boerejeug-laertrek is onder leiding van veldkornet L. Joubert op die plaas van mnr. A. F. du Toit, Diepkloof, vanaf 14 tot 16 September gehou. Die seuns het landsdiens verrig, terwyl die dogters onderrig in kookkuns ontvang het. Verder het die Boereseuns en -dogters saam 'n gesellige naweek deurgebring met speletjies speel, uitstappies, kampvuur hou, ens. 'n Geslaagde funksie is ook op 31 Augustus met O.B.-dagviering gehou. Die mooi bedrag van £21-5-0 is ingesamel.

### RAWSONVILLE (JA10b6)

Heldedag het hier nie ongevierd verbygegaan nie. Dinsdag, 9 Oktober, het die Boerejeug onder leiding van hul veldkornet en veldkornette per vragmotor na Du Toitskloof vertrek om vir die nag laer te trek. Terwyl die seuns ywerig laer opgeslaan het, het die dogters nie minder arbeidsaam in die veldkombuis gewerk nie, en na die inwendige versterk was, is 'n genoeglike aand om die kampvuur deurgebring.

Toe die vlag om sewe-uur gehys is, was die eerste skof werk al agter die rug. Om halfelf het die groot O.B.-kommando gearriveer. Die Boerejeug het hulle op „Aandag" ontvang en toe die Ossewabrandwaglied toegesing. Nadat almal saam koffie gedrink het, het die ooms gaan jukskei speel en die tannies vleis gebraai.

Die middag het die Boerejeug hulle op 'n paar sangstukke, 'n resitasie en etlike toneelstukkies wat in die Tweede Vryheidsoorlog afgespeel het, vergas.

Met die vlagstryking is 'n genoeglike uitstappie afgesluit.


### BRANDVLEI (JA14b1)

Weens die uitgestrektheid van die ou Noordweste gaan dit maar broekskeur om gereeld byeenkomste te reël, maar stilsit pas nou eenmaal nie by die Boerejeug nie. Gevolglik probeer die seuns bydraes lewer deur bene op te tel en weg te stuur.

Met die onlangse O.B.-dagviering op 10 Oktober het hierdie klein groepie daarin geslaag om £2-17-2 byeen te bring o.a. met skyfskiet.

Dit getuig van die pragtige gees van samewerking wat hier heers, dus . . . die „kopbeen" lewe.

## Verhuis Na Rand



Jeugkommandant J. H. Badenhorst wat onlangs uit Port Elizabeth vertrek het en tans in Johannesburg woonagtig is.

## Mafeking Val In Gebied F

Offisiere en brandwagte van die distrik Mafeking en omstreke (Malopo en Maritzana) ressorteer organisatories onder Gebied F, en staan dus voortaan in die Generaalskap F9 onder genl. M. S. F. Grobler, Posbus 57, Zeerust, deur wie die organisasie van die streek onderneem word.

Alle oud-offisiere en offisiere van die streek word opgeroep om onmiddellik in aanraking te kom per brief of andersins met genl. Grobler, hierbo genoem.

## VERJAARDAG-KETTING

22 NOV.: Susan Kruger, Rustenburg; Hennie Botha, Koedoeskop; Johannes Vorster, Makoppa; John van der Merwe, Kromrivier; Abraham de Ridder, Kirkwood; Susanna van Vuuren, Kirkwood; Hilda Lombard, Malmesbury; Hertzog van Dyk, Port Elizabeth; Florina Olivier, Wilgenhoutsdrift; Hester Nel, Bethlehem.

23 NOV.: J. L. Myburgh, Rashoop; w. H. M. Oosthuizen, Stellenbosch; Martha Vivier, Beaufort-Wes; Georgie Olivier, Sutherland; Gideon Hugo, Franschhoek; Alta Bekker, Tarkastad; Erin Gaigher, Worcester; Pieter Wium, Stellenbosch; Anna Cloete, Carnarvon; Johannes Jordaan, Rawsonville; Hendrika van Wyk, Wilgenhoutsdrift.

24 NOV.: Maria Dreyer, Derby; Johanna Henrico, Potgietersrust; G. M. van Reenen, Kayaseput; Cornelia Fouche, Maribogo; Johannes Louw, Aughrabies; Catharina van Wyk, Wilgenhoutsdrift; Christiaan van Vollenhoven, Bethlehem; Christiaan Lessing, Slabberts Stasie.

25 NOV.: A. S. de Villiers, Swartbos; Anna Smit, Rashoop; Ellis Vermaak, Port Elizabeth; Jacoba Faul, Wilgenhoutsdrift; Gerrit van Aarde, Malmesbury; Lucia Nel, Kirkwood; Anna Schwartz, Worcester; Jan Aggenbag, Aughrabies; Hilda Joubert, Philippolis; Martha Pretorius, Frankfort.

26 NOV.: Barend Potgieter, Potchefstroom; S. E. Joubert, Makoppa; T. E. du Toit, Dwaalboom; Mimmie Jordaan, Sutherland; Martha Olivier, Port Elizabeth; Derick de Koker, Montagu; Fransiena Welman, Bethlehem.

27 NOV.: Michael Coetzee, Boons; Enita Roux, Suider-Paarl; Andries Badenhorst, O'okiep; Charlotte Rautenbach, Two Streams; Daniël Botha, Port Elizabeth; Willem Louwrens, Vryburg.

28 NOV.: Willem Coetzee, Boons; Hilda Kirschbaum, Eppingtuindorp; Aletta Nel, Aughrabies; Johannes Strauss, Daljosaphat; Andries Janse v. Rensburg, Beaufort-Wes; Wilhelmina Boshoff, Philippolis; Betsie du Plessis, Utrecht.





Belangrike poste word deur OPGELEIDE persone verkry. Honderde T.A.K.K.-studente beklee reeds goed besoldigde betrekkings. U kan net so suksesvol wees. Pos hierdie koepon vandag.

TRANSAFRIKAANSE Korrespondensie-KOLLEGES (EIENS.) BPK.

Waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondensie-Kursusse (Eiens.) Bpk., Pretoria, en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege. T.O. Johannesburg.

Aan: Die Registrateur,
Transafrikaanse Korrespondensie-kolleges (Eiens.) Bpk.,
Dept. O.B., Bus 610, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my kant, besonderhede omtrent julle kursusse.

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

Eksamens afgelê ..............................

Ouderdom ..............................

Skryf asseblief in Drukletters.

